

PDS-ICD-11

Kies asseblief een stelling onder elke afdeling wat oor die algemeen jou die beste beskryf

1. Identiteit

- ☐ Ek het dikwels geen gevoel van wie ek is nie, veral as ek saam met ander mense is.
- ☐ Ek is soms verward oor wie ek is, veral as ek by ander mense is.
- ☐ Ek het 'n standvastige gevoel van wie ek is.
- ☐ My gevoel van wie ek is, is in die algemeen eng en beperk (bv. teenoor my werk of 'n ander persoon).
- ☐ My gevoel van wie ek is, is oormatig eng en beperk, wat ook al die omstandighede is.

2. Eiewaarde

- ☐ Ek voel die meeste van die tyd waardeloos en dit beïnvloed my verhouding met ander mense.
- ☐ Ek vind dit dikwels moeilik om goed oor myself te voel en dit beïnvloed soms my verhouding met ander mense.
- ☐ Ek voel gewoonlik goed oor myself.
- ☐ Ek voel dikwels ek is beter as ander en dit beïnvloed my verhouding met ander mense.
- ☐ Ek voel meerderwaardig teenoor ander en dit beïnvloed my verhouding met ander mense.

3. Selfpersepsie

- ☐ Ek het geen sterk punte nie.
- ☐ Ek het min sterk punte.
- ☐ Ek het 'n goeie idee van my sterk punte en swakhede.
- ☐ Ek het min swakhede of beperkings.
- ☐ Ek het geen swakhede of beperkings nie.

4. Doelwitte

- ☐ Ek is selde daartoe in staat om doelwitte te stel en na te streef.
- ☐ Dit is soms vir my moeilik om doelwitte te stel en na te streef.
- ☐ Ek sukkel nie om realistiese doelwitte te stel en na te streef nie.
- ☐ Dit is soms vir my moeilik om my doelwitte te verander, selfs al sal dit te moeilik wees om hulle te bereik.
- ☐ Dit is gereeld vir my moeilik om my doelwitte te verander, selfs al sal dit byna onmoontlik wees om hulle te bereik.

5. Belangstelling in verhoudings

- ☐ Ek stel nie daarin belang om saam met ander mense te wees nie en doen enigiets om hulle te vermy.
- ☐ Ek stel min daarin belang om saam met ander mense te wees, daarom vermy ek hulle.
- ☐ Ek tref/ behou 'n goeie balans tussen alleen wees en saam met ander mense wees.
- ☐ Ek voel soms ontsteld as ek nie saam met ander mense is nie.
- ☐ Ek voel gereeld ontsteld as ek nie saam met ander mense is nie.

6. Perspektief-neming

- ☐ Ek neem nooit ander mense se gedagtes en gevoelens in ag nie.
- ☐ Ek neem dikwels nie ander mense se gedagtes en gevoelens in ag nie.
- ☐ Ek kan my maklik instel op ander mense se gedagtes en gevoelens.
- ☐ Ek dink dikwels te veel aan hoe ander mense dink of voel.
- ☐ Ek dink altyd te veel aan hoe ander mense dink of voel.

7. Wederkerigheid in verhoudings

- ☐ Mense kla altyd dat ek te selfsugtig in verhoudings is.
- ☐ Mense het soms al gekla dat ek te selfsugtig in verhoudings is.
- ☐ Ek is daartoe in staat om hegte verhoudings wat vir beide partye bevredigend is, aan te knoop en aan die gang te hou.
- ☐ Ek is soms nie daartoe in staat om verhoudings te beëindig nie, selfs al is dit nadelig vir my.
- ☐ Ek is selde daartoe in staat om verhoudings te beëindig, selfs al is dit nadelig vir my.

8. Hantering van meningsverskille

- ☐ Ek het dikwels meningsverskille met ander mense wat lei tot ernstige verhoudingsprobleme.
- ☐ Ek het soms meningsverskille met ander mense en dit lei tot verhoudingsprobleme.
- ☐ Ek is daartoe in staat om meningsverskille in verhoudings op 'n opbouende manier te hanteer.
- ☐ Ek vermy dikwels meningsverskille deur toe te gee aan ander, selfs al is die gevolge slegter vir my.
- ☐ Ek vermy meningsverskille en konflik met ander mense tot elke prys.

9. Beheer oor emosies en die uiting daarvan

- ☐ Ek kan dikwels nie my emosies beheer nie en dit skep ernstige probleme vir ander mense.
- ☐ Ek sukkel soms om my emosies te beheer en dit skep probleme vir ander mense.
- ☐ Ek is oor die algemeen daartoe in staat om my emosies te beheer en op 'n gepaste manier uiting daaraan te gee.
- ☐ Mense kla soms dat ek nie uiting gee aan emosies nie.
- ☐ Mense kla dikwels/gereeld dat ek nooit uiting gee aan emosies nie.

10. Gedragsbeheer

- ☐ Ek tree dikwels so ondeurdag of impulsief op dat dit ernstige probleme veroorsaak.
- ☐ Soms tree ek impulsief op sonder om aan die gevolge te dink en dit veroorsaak probleme.
- ☐ Ek is oor die algemeen daartoe in staat om spontaan te wees, maar terselfdertyd gepaste beheer oor my gedrag te behou.
- ☐ Ek beheer my gedrag soms so streng dat ek nie dieselfde as ander uit die lewe kry nie.
- ☐ Ek oorbeheer my gedrag dikwels so ernstig dat ek omtrent niks uit die lewe kry nie.

11. Ervaring van die werklikheid onder stres

- ☐ My ervaring van situasies is gewoonlik akkuraat wanneer ek onder stres verkeer.
- ☐ My ervaring van situasies is effens verwring wanneer ek onder stres verkeer (bv. verwag die ergste kan gebeur, voel verwerp wanneer ander my kritiseer).
- ☐ Ek verloor soms voeling met die werklikheid wanneer ek onder stres verkeer (bv. voel agterdogtig of verwyderd van die werklikheid, of dinge rondom my lyk soos in 'n droom).
- ☐ Ek verloor dikwels voeling met die werklikheid wanneer ek onder stres verkeer (bv. voel erg agterdogtig, sien en hoor dinge wat ander mense nie kan waarneem nie, beleef buiteliggaamlike ervarings).

12. Selfbesering

- ☐ Ek maak myself nooit seer nie.
- ☐ Ek maak myself selde seer.
- ☐ Ek maak myself soms seer.
- ☐ Ek maak myself dikwels seer.

13. Besering van ander (met of sonder opset)

- ☐ Ek maak nooit ander mense seer nie.
- ☐ Ek maak selde ander mense seer.
- ☐ Ek maak soms ander mense seer.
- ☐ Ek maak dikwels ander mense seer.

14. As jy nadink oor jou antwoorde hier bo, hoeveel probleme veroorsaak dit op belangrike terreine van jou lewe (bv. persoonlik, gesin, sosiaal, opvoeding, werk)?

- ☐ Glad nie
- ☐ 'n Bietjie
- ☐ Matig
- ☐ Baie

PDS-ICD-11

Intensiteitskaal ICD-11 vir Persoonlikheidsteuring (*Personality Disorder Severity Scale; PDS-ICD-11*)

Instruksie vir punttoekenning

Item 1 tot 10 tel 2 – 1 – 0 – 1 – 2

Item 11 tot 14 tel 0 – 1 – 2 – 3

Die PDS-ICD-11 word bereken deur die toegekende punte van al 14 items bymekaar te tel (puntetotaal wissel tussen 0 en 32).

Let wel: As die respondent meer as een antwoord by 'n item gemerk het, tel die antwoord met die hoogste syfer.

Sitering PDS-ICD-11

Bach, B., Brown, T. A., Mulder, R. T., Newton-Howes, G., Simonsen, E., & Sellbom, M. (2021). Development and initial evaluation of the ICD-11 personality disorder severity scale: PDS-ICD-11. *Personality and Mental Health*, 15(3), 223–236. <https://doi.org/10.1002/PMH.1510>

Development and translation

The PDS-ICD-11 scale was developed according to the WHO ICD-11 Clinical Descriptions and Diagnostic Guidelines (CDDG) for determining the presence and severity of personality disturbance. This was achieved through collaboration between the following two bodies:

Department of Psychology
Personality, Psychopathology, and Measurement (PPM) Lab
University of Otago
Dunedin 9016, New Zealand

Psychiatric Research Unit
Center for Personality Disorder Research (CPDR)
Mental Health Services, Region Zealand
Slagelse 4200, Denmark

Translation and use of the PDS-ICD-11 are permitted after agreement with the authors:
Bo Bach (bbpn@regionsjaelland.dk) and/or Martin Sellbom (martin.sellbom@otago.ac.nz)

Afrikaans version translated by
Kate Mawson kmawson@sun.ac.za and Jason Bantjes Jason.Bantjes@mrc.ac.za